



Oostelike Sinode van die NG Kerk

LAAT U RYK, HEER,
IN ONS, DEUR ONS,
ORAL KOM!



14 Junie 2022

FAMILIENUUS 419

[Sien skakel onderaan die dokument indien jy nie meer Familienuus wil ontvang nie.]

VANUIT DIE SINODEHUIS

Dit raak nou winter-koud. Mag jou kaggel warm brand. Mag jou mense veilig wees in die koue. Mag jou hart warm wees vir hulle wat baie minder het as jy...

PREDIKANTEKONFERENSIE 2022

Wat 'n voorreg om weer as leraars in die Wildtuin te kon wees! Verlede week in Skukuza het ons die gasvryheid van Krugerwildtuin-gemeente ervaar toe ons in die kerkgebou kon vergader, na Callie Roos se inspirerende insigte en getuienis kon luister, in die veld ver van alles en almal by een van die wildtuin se top veldwagters kon bewus raak van die wonder van God se skepping en die verbande wat daar tussen diere, bome, grasse, water en grond is – én nog lekker as kollegas kon saamkuier!

Dankie vir die lofprijs-span, ([luister](#) hoe lekker sing ons), vir Tersia se koffie en koekies, vir Ryk van Velden – die plaaslike leraar en ons klankman – en die gemeentes wat dit vir hulle leraar kon moontlik maak om dáár te kon wees.

Ons deel 'n paar foto's – en net vir interessantheid: Johannes van der Merwe het die groeffoto geneem – homself regs voor daarin ge-Photoshop – maar hy kon niks doen aan die grysheid en die kaalkoppe van ons ouer manne nie!





GEMEENTES

Ons het 'n skrywe vanaf Chrissiesmeer ontvang: "**Chrissiesmeer** se leraar het 'n beroep na Fouriesburg aanvaar en die gemeente wil tot tyd en wyl gebruik maak van Aflos-Predikante."

Indien moontlik, kan u mnr Ben Beukes kontak by 082 780 7370.

Ons beskik oor 'n groot pastorie indien daar moontlik iemand is wat behuising benodig. Brandstof vergoeding kan elke week betaal word indien persoon nie verder as 150 km vanaf Chrissiesmeer woon."

DATABASIS VAN ONS GEMEENTES SE LIDMATE

Gemeentes se grootste bate is hulle lidmate. Hierdie data word aangeteken in 'n databasis-program – en Oostelike Sinode werk saam met ds Jan Venter van Infokerk se Winkerk-program.

Hoekom 'n databasis van lidmate? Heel eerste gaan dit oor die gemeente se inligting vir die bediening in en deur die gemeente. Kontakbesonderhede, ouderdomme, groepe waarby ingeskakel is – dit is die tipe inligting wat vir die gemeente van waarde is. Verder is ons deel van 'n groter kerkverband: lidmate kom vanaf ander gemeentes – en vertrek ook weer na ander gemeentes.

Ons skuld dit aan ons lidmate om die spoor van hulle lidmaatskap vas te lê sodat die besonderhede oor doop, belydenis van geloof en gemeentes waar ingeskakel is, herroep kan word.

Rekenaars kan nukkerig wees en data verloor. Daarom het Oostelike Sinode jare gelede reeds besluit om namens gemeentes die koste te dra van BackupBuddy – die rugsteunprogram van Winkerk. Ons doen dit steeds. Ten minste een gemeente in Oostelike Sinode kan getuig dat – toe hulle al hulle data verloor het – BackupBuddy dit vir hulle kon teruggee. Die ander voordeel van BackupBuddy is

dat gemeentes nie meer uitgedrukte registers van doop- en belydende lidmate aan die Sinode hoef te voorsien nie. [Die ouer leraars en kantoorpersoneel sal kan getuig van hierdie nagmerrie...]

By die Sinodehuis kom daar nou meermale navrae oor lidmaatskap van persone wat wil emigreer. Met BackupBuddy is dit dikwels vir ons moontlik om met sulke navrae te kan help. As 'n gemeente 'n ander databasis wil gebruik, gaan hierdie moontlikheid vir ons en ons lidmate verlore. Tegnies sou dit deur 'n Excel-dokument gedoen kon word, maar dit bring ekstra werk vir die personeel in 'n kerkkantoor – en 'n "lidmaat-soek" word meer kompleks by die Sinodehuis.

Gemeentes wat vrae het oor Winkerk, die koste daarvan, 'n alternatiewe databasis asook opleiding oor Winkerk kan gerus met Jan Venter skakel. Sy kontakbesonderhede is 082 457 0456.

KERKSPIEËL 2022

Ons heg 'n baie belangrike [skrywe](#) vanaf die Algemene Sinode hier aan rakende die gemeentepname vir Kerkspieël. Reël asseblief sommer dadelik dat hierdie vraelys voltooi en teruggestuur word. In die na-Covid era is hierdie data baie belangrik om tendense te bepaal. Die groot gesprek hieroor gebeur dikwels in die lug sonder korrekte data. Nou kan ons dit beter doen...

SINODESITTING 1 – 3 AUGUSTUS 2022

Baie dankie vir al die geloofsbriewe wat reeds ontvang is. Ons heg die [proforma-geloofsbrief](#) weer hier aan. Die sperdatum is **20 Junie 2022**.

Ons heg ook 'n lys aan van [gastehuse](#) wie se besonderhede ons het.

Ons het 'n skrywe gestuur aan **gemeentes wat verder as 100 km van Pretoria af is**. Kontak vir Cathy by finans@sinoos.co.za as julle brief langs die pad afeval het.

PREDIKANTE- EN AMPTENARE PENSIOENFONDS

Theo Smith van die Pensioenkantoor gee inligting oor die **begrafnispolis** wat nou deel geword het van predikante se pensioenpakket.

Ons hoor die navrae hieroor: dit is die Bestuurskomitee se verantwoordelikheid om voortdurend na die voordele van die Pensioenfonds te kyk. Die komitee het die mandaat om verbeterings aan te bring.

Indien 'n leraar reeds 'n begrafnispolis het, is hierdie polis nie 'n vermorsing nie. Begrafniskoste is gewoonlik méér as wat ons dink. En die geld word uitbetaal aan 'n naasbestaende ongeag ander polisse. Dit was dan net 'n belegging wat uitkeer.

Die begrafnispolis is nie opsioneel nie – net soos die lewensversekering of ongeskiktheidsversekering nie opsioneel is nie. Leraars moet asseblief dadelik reëlings tref vir die dokumentasie en oorbetalings. Maak asseblief seker dat die premie maandeliks oorbetaal word. Let wel: hierdie premie-betaling word afsonderlik van die Retirement Fund Web pensioen-transaksie gedoen. Hierdie reëling word so deur die Pensioenfonds-wet voorgeskryf.

Ons stuur hiermee [Omsendskrywe 2 van 2022](#) en [Omsendskrywe 3 van 2022](#). Alle navrae kan aan Theo Smith van die Pensioenkantoor by theo@pensioene.co.za gerig word.

Theo Smith skryf aan die Uitvoerende Amptenare van die Transvaal Sinodes: "Dit is nou presies 'n jaar gelede wat die **heffing op gemeentes en instellings ingestel is. U sal onthou dat hierdie besluit geneem was om die langtermyn funksionering van die Pensioenkantoor te befonds.**

Ons gee almal kans tot einde Augustus om die volle betalingstermyn deur te sien. Ons was immers laat om die bankbesonderhede deur te gee nadat die bank gesloer het met die opening van die rekening."

Die helfte van ons sinode se gemeentes het nog nie hierdie heffing begin betaal nie. Kom ons kry ook hierdie saak in plek in elke gemeente en instansie wat 'n werkgewer by die Pensioenfonds is. Die bedrag is R100 per werkgewer per maand. 'n Gemeente tel as een werkgewer ongeag van die aantal predikante en personeel. Dieselfde geld 'n CMR-kantoor of ouetehuis.

Ons heg 'n [skrywe](#) aan wat vanaf die **FSCA ontvang is in verband met die laat oorbetalings van pensioen** wat by werknemers afgetrek is. Die reël is steeds dat die fondse in die bankrekening van Sanlam moet toon op die 7e van die volgende maand. Wees liewers veilig: betaal die geld oor op dieselfde dag as wat dit afgetrek word by die werknemer.

'n **Laaste stukkie goeie nuus vir leraars wat op 1 Oktober 2013 lid van die Predikantepensioenfonds was:** daar word 'n bedrag aan elke leraar oorbetaal as agterskot nadat al die kostes van die vorige pensioenfonds betaal is en baie komplekse berekenings gedoen is. Theo Smith se skrywe word [hier](#) aangeheg. Die skrywe is ook per e-pos na leraars gestuur.

PRODUKTE en TOERUSTING

Excelsus is die voertuig van die Teologiese Fakulteit waardeur leraars toegerus word. Hulle stuur telkens die bekendstelling van hulle kursusse na gemeentes en leraars uit. Gee asseblief goeie aandag hieraan. Hulle webwerf is www.excelsus.org.za.

Wentzel Coetzer bied 'n [kursus](#) aan: **Wanneer die liggaam rebelleer - die vernietigende invloed van onderliggende stres, verliese en pyn** Saterdag 6 Augustus – Potchefstroom en ook op 10 Augustus per Zoom.

ONS WEBWERF EN SINODEHUIS-PERSONEEL

Onthou asseblief om die inligting op ons **webwerf** te benut www.sinoos.co.za.

Leraars en kerkkantore kan met groot vrymoedigheid die **personeel** kontak om advies, raad, hulp, ondersteuning – ons help graag. Die personeel is in die Sinodehuis op hulle pos. Ons telefoonnommer is 012 804 9543.

Ring wat in hierdie of die komende weke vergader, moet asseblief hulle getekende sakelyste en notule aan argief@sinoos.co.za stuur vir veilige bewaring. Gee ook vir ons die name van die Ringsdiensraad vir die volgende termyn.



VERJAARSDAE

Hartlik geluk aan elkeen wat tot 17 Julie verjaar.

PREDIKANTE

- 14 Junie - Antoinette Wilson, Lydenburg-Suid
- 16 Junie - Gerrit Vosloo, Nelspruit-Suid
- 16 Junie - Hennie De Vos, Rietkuil
- 20 Junie - Charl Bredell, Premiermyn
- 21 Junie - Arnau van Wyngaard, Shiselweni SRC
- 22 Junie - Jaco Putter, Witrivier
- 22 Junie - Landi Botha, Lyttelton
- 22 Junie - Tertius Erasmus, Bronkhorstspuit
- 25 Junie - Nico Swart, Skuilkrans
- 26 Junie - Victor Cloete, Moreletapark
- 2 Julie - Erik Immelman, Midrand (Halfweghuis)
- 7 Julie - Thinus Prinsloo, Carolina
- 9 Julie - Gawie Malan, Pretoria-Oosterlig
- 11 Julie - Stefan Fourie, kerksondermure
- 13 Julie - Henk Janse van Rensburg, Pierre van Ryneveld
- 14 Julie - Zander van der Westhuizen, Tygerpoort

EMERITI

- 14 Junie - Francois Botha, Ermelo-Oos 2013
- 14 Junie - Dion van Dyk, Skuilkrans 2014
- 18 Junie - Jan van Zyl, Nelspruit-Westergloed 2006
- 19 Junie - Lalie Lombaard, CWR Direkteur 2002
- 30 Junie - Gerrie Doyer, Witrivier 2016
- 4 Julie - Manie Crouse, Malelane 2002
- 6 Julie - Bertie Driescher, Kemptonpark-Suurfontein 2000
- 9 Julie - Izak Liebenberg, Meyerspark 2021
- 11 Julie - JP Pienaar, Amsterdam 2014
- 13 Julie - Sampie Niemand, Pierre van Ryneveld 2012
- 14 Julie - Adriaan van der Wart, Valleisig 2003
- 14 Julie - Phillip Venter, Skuilkrans-Pretoria 1995
- 16 Julie - Christo Longland, Goedgegun-Swaziland 2001

GEMEENTES

- 18 Junie - Witbank-Suid (68)
- 28 Junie - Witrivier (81)
- 30 Junie - Silvertonkruin (47)
- 1 Julie - Elarduspark (47)

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za



NOTA: INDIEN U WIL UITTEKEN EN NIE MEER DIE FAMILIENUUS WIL ONTVANG NIE, KLIK [HIER](#).

VRYWARING: Die informasie vervat in die boodskap is konfidensieel en word beskerm deur die reg. Indien u nie die geadresseerde is nie, wis asseblief uit en verwittig die afsender. Dit is onwettig om die inhoud van die boodskap bekend te maak, te kopieër of te versprei, of enige aksie te neem wat op die inhoud daarvan gebaseer is. Kontak die afsender indien jy die e-pos foutiewelik ontvang het.

DISCLAIMER: The information in this message is confidential and may be legally privileged. It is intended solely for the addressee. Access to this message by anyone else is unauthorized. If you are not the intended recipient, any disclosure, copying, or distribution of the message, or any action or omission taken by you in reliance on it, is prohibited and may be unlawful.

Please immediately contact the sender if you have received this message in error.